

Die prys van opwindning

Uitgawe 115: Augustus 2026

Ons het voorheen geskryf dat finansiële beplanning nie 'n naelloop is nie — trouens, dit is nie eens 'n marathon nie. Dink eerder daaraan as 'n reis sonder 'n eindstreep. Ons spaar nie net vir ons toekoms nie, maar dikwels ook vir die geslagte wat volg. 'n Langtermyn-perspektief verander die manier hoe ons oor geleenthede, risiko en beleggings-besluite dink. Elke siklus lewer skynbaar 'n nuwe ding wat iemand eenvoudig "moét besit". Op verskillende tye was dit spoorwegmaatskappye, internet-aandele, eiendom, kriptogeldeenheide en kunsmatige intelligensie. Vandag is daar min maatskappye wat die wêreld se verbeelding so aangryp soos SpaceX. Beslis indrukwekkend met herbruikbare vuurpyle, satelliet-internet en tegnologiese prestasies wat 'n dekade gelede onmoontlik was. SpaceX is volgens enige maatstaf 'n merkwaardige maatskappy, maar as 'n belegger moet ons ander soorte vrae vra. Maak 'n uitstekende maatskappy noodwendig 'n uitstekende belegging? Die geskiedenis wys ons egter iets anders.

'n Goeie maatskappy en sy sukses

Elon Musk is 'n uitsonderlike verkoopsman. SpaceX se notering op die NASDAQ-aandelebeurs in Junie 2026 het buitengewone belangstelling ontlok. Die vraag na die aandele was veel meer as die hoeveelheid wat beskikbaar was, ondanks beduidende waarskuwings-tekens. Die maatskappy het tot dusver enorme opgehoopte verliese en slegs een winsgewende besigheid (Starlink), wat tans nie genoeg kontant genereer om die geweldige toekomstige kapitaalbehoefte te finansier nie. Ervare beleggers herinner ons gereeld daaraan dat daar 'n belangrike verskil is tussen die gehalte van 'n onderneming en die prys wat ons betaal om 'n deel daarvan te besit. Selfs 'n aandeel in 'n uitstekende maatskappy kan 'n teleurstellende belegging wees indien jy te veel daarvoor betaal. Beleggings-opbrengste hang uiteindelik onder meer af van:

- Die gehalte van die bestuur — met ander woorde die leiers en mense in die maatskappy;
- Die uiteindelijke sukses van 'n onderneming; en
- Die prys wat jy aanvanklik betaal om in daardie sukses te kan deel.

Wanneer opgewondenheid aandeelpryse hoër dryf, kan die verwagtinge uiteindelik byna onmoontlik raak om te bevredig.

Die vrees om uit te mis (FOMO)

Elon Musk het daarin geslaag om SpaceX by altwee die NASDAQ- en Russell 2000-indekse in te sluit. Met die beursnotering is ongeveer \$86 miljard by nuwe beleggers ingesamel, waarvan sowat \$20 miljard na die banke gegaan het wat die transaksie gefasiliteer het. Dit was ongeveer 2.5x groter as die vorige grootste beursnotering, dié van Saudi Aramco. Die opgewondenheid was só groot dat die aandeelprys tot ongeveer \$225 gestyg het en Musk vir 'n kort tyd — ten minste op papier — die wêreld se eerste triljoenêr geword het. Sedertdien het die werklikheid egter ingetree namate vroeë beleggers en werknemers met aandele-opsies begin verkoop het. Wanneer 'n opwindende geleentheid hom voordoen, verskyn iets anders dikwels saam daarmee en dit is FOMO — die vrees om uit te mis. In plaas daarvan om te vra: "Wat is hierdie belegging werklik werd?" begin beleggers vra: "Wat as almal behalwe ek geld hieruit maak?" Dit is 'n subtiele, maar belangrike verskil. Die geskiedenis wys ons dat tye van buitengewone optimisme beleggers dikwels aanmoedig om pryse te betaal wat aanvaar dat die toekoms perfek sal verloop. Soms word daardie verwagtinge bewaarheid, maar dikwels nie.

Wanneer die opwindning duur word

Die afgelope 150 jaar het merkwaardige deurbrake en

innovasie opgelewer. Spoorweë en motors het vervoer verander. Die internet het kommunikasie verander. Slimfone het verander hoe ons leef. Kunsmatige Intelligensie (KI) gaan heel moontlik die wêrelddeksonomie, soos ons dit vandag ken, ingrypend verander. Sommige van vandag se nuwe ondernemings kan inderdaad môre se korporatiewe reuse word, maar die geskiedenis leer ons ook iets anders en dit is dat die beste maatskappye nie noodwendig die beste beleggings-opbrengste lewer wanneer die belegger 'n onrealistiese prys daarvoor betaal nie. Die entoesiasme rondom SpaceX is 'n interessante voorbeeld van hoe vinnig sentiment kan draai. Die beursnotering het enorme belangstelling gelok en baie het dit as 'n "eenmalige geleentheid" beskou het. Namate die opgewondenheid toegeneem het, het die verwagtinge ook gestyg. Of SpaceX uiteindelik hierdie verwagtinge gaan oortref of teleurstel, sal net tyd ons leer. Dit is nie eintlik die punt nie. Die les is eerder dat markte soms juis op optimisme floreer wanneer onsekerheid die grootste is. Ons moet dus versigtig wees om nie die bewondering vir 'n maatskappy met die waarde van sy aandeel te verwar nie.



Bly rasioneel wanneer euforie oorneem

Ons verkies om eerder te beplan as om te probeer voorspel. Die verantwoordelikheid is eintlik eenvoudig:

- Benut beskikbare belastingsvoordele en struktureer bates en beleggings doeltreffend;
- Help kliënte om moontlike blinde-kolle en duur foute te vermy;
- Bou veerkragtige en goed gediversifiseerde beleggings-portefeuljies; en
- Moenie spekuleer nie. Bly gedissiplineerd wanneer emosies hoog loop.

Finansiële sukses hang selde daarvan af dat jy aan elke opwindende geleentheid deelneem. Dit gaan veel eerder daaroor om permanente kapitaalverliese te vermy en die krag van saamgestelde opbrengs oor jare sy werk te laat doen. **Die vrees om uit te mis het waarskynlik al meer welvaart vernietig as die vrees om geld te verloor.**

Ten slotte

Daar sal altyd 'n opwindende storie wees. Nog 'n revolusionêre tegnologie. Nog 'n belegging wat almal later wens hulle gekoop het. Finansiële sukses gaan nie daaroor om elke geleentheid na te jaag nie. Dit gaan daaroor om geduldig te wees, te verstaan wat jy besit, 'n sinvolle prys daarvoor te betaal en tyd toe te laat om die swaar werk te doen.

Soek eerder opwindning in reise, stokperdjies, kinders en kleinkinders. Soek in jou beleggingsportefeulje eerder 'n bietjie verveling en dissipline, want oor die lang termyn was geduldige onbetrokkenheid dikwels veel meer werd as opwindning.